



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 22 JULIE 2015 OM 09:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P J Swart
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

Die voorsitter rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan mnr P J Swart wat waarneem in die plek van die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 10 JUNIE 2015**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 10 Junie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 24 JUNIE 2015**

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 24 Junie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**5.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 JUNIE 2015****5.1.1 ITEM 6.1.1: AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 58, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)**

Die item is al vir 'n geruime tyd op die sakelys van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ten einde geleentheid te kon gee vir ondersoeke na die gebruike, sowel as die veiligheid van die gebou op erf 58, Darling.

Die betrokke perseel is as sakesone 1 gesoneer, met 'n vergunningsgebruik om 'n hotel te kan bedryf. 'n Inspeksie van die gebou het plaasgevind en is daar bevind dat die gebou nie meer as 'n hotel funksioneer nie, maar dat die kamers op 'n meer permanente basis uitverhuur word. Die omskepping van die kamers in woonstelle word beskou as in lyn te wees met die bestaande sonering, maar die eienaar moet bouplanne indien om aan te dui hoe die interne ruimtes van die sakeperseel benut word.

Verder word die twee kroeë wat op die perseel bedryf word ook beskou as in lyn te wees met die bestaande sonering, op die voorwaarde dat dit nie as 'n plek van vermaak bedryf word nie. Alhoewel dobbelmasjiene normaalweg as 'n gepaardgaande/ge-assosieerde gebruik tot 'n kroeg gesien word, moet die eienaar daarvoor aansoek dan as 'n sekondêre gebruik (vergunningsgebruik) onder die sakesone 1 sonering.

Die brandinspeksie deur die Afdeling: Brand- en Nooddienste het egter aangetoon dat die geboue nie aan al die brandvereistes voldoen nie. Die Munisipale Bestuurder beklemtoon dat dit die verantwoordelikheid van die munisipaliteit is om toe te sien dat geboue veilig is om te gebruik. Indien die gebreke aan die gebou dus 'n veiligheidsrisiko vir die verbruikers inhou, moet hierdie tekortkominge eerste aangespreek word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie nou in 'n posisie is om die besluit rakende die vergunningsgebruik te neem nie, gegewe die volgende rede:
 - (i) Die bestaande tekortkominge aan die geboue op erf 58, Darling kan bepaalde veiligheid- en gesondheidsrisiko's vir die gebruikers daarvan inhou;
- (b) Dat die eienaar in kennis gestel word dat die bestaande tekortkominge eers aangespreek moet word, alvorens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in staat sal wees om 'n besluit rakende enige grondgebruiksaansoek te kan oorweeg.

5.1.2 ITEM 6.1.2: AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 2997, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 2)

'n Aansoek is ontvang vir die bedryf van 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis op erf 2997, geleë te Zinniastraat, Moorreesburg.

Die item is/...

5.1.2/...

Die item is gedurende April terugverwys ten einde geleentheid te gee om met die SAPD, wat beswaar teen die voorgestelde vergunningsgebruik aangeteken het, in gesprek te tree. Die SAPD het egter bevestig dat daar voortgegaan kan word om die vergunningsgebruik goed te keur, en dat die perseel op 'n gereelde basis gemonitor sal word.

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 2997 (groot $\pm 24\text{m}^2$), Moorreesburg ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n huiswinkel goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) Dat die vergunningsgebruiksregte tot die huidige huurder (mnr Abdesebur Abraham) van die eiendom beperk word en dat sodanige regte sal verstryk indien die betrokke huurder die eiendom ontruim;
- (b) Dat die goedkeuring vir die bedryf van die huiswinkel nie oordraagbaar is nie;
- (c) Dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (d) Dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (e) Dat slegs een teken, wat nie groter as 1m^2 in oppervlakte mag wees nie en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, toegelaat sal word. Dat geen gedeelte daarvan die erfgrense mag oorskry nie, terwyl die teken slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die kleinhandelbesigheid mag aandui;
- (f) Dat nie meer as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, by die sake-aktiwiteite van die huiswinkel op die grondeenheid betrokke mag wees nie;
- (g) Dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;
- (h) Dat die nodige maatreëls in die voorkoming van knaagdiere en insekte getref moet word;
- (i) Dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;
- (j) Dat slegs vooraf verpakte en verseëlde voedselware verkoop mag word;
- (k) Dat geen voedsel voorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;
- (l) Dat die volgende nie in 'n huiswinkel toegelaat word nie:
 - verkoop van wyn en alkoholiese drank;
 - stoor of verkoop van gas en gashouers;
 - muntmasjiene;
 - video speletjies, en
 - snoeker- en potspeltafels;
- (m) Dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen;
- (n) Dat die eienaar aansoek doen by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir 'n geskiktheidsertifikaat;
- (o) Dat 'n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
- (p) Dat hierdie goedkeuring binne die huiswinkel vertoon word;
- (q) Dat die beswaarmakers van hierdie besluit in kennis gestel word en dat hul nie 'n reg tot appèl het nie;

5.1.2/...

A2 WATER

- (a) Dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) Dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) Dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 ELEKTRISITEIT

- (a) Dat die Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word sodat die elektriese tarief aangepas kan word;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- (a) Dat die aansoek versoenbaar is met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk soos van toepassing op Moorreesburg;
- (b) Dat die voorgestelde huiswinkel voldoen aan die voorskrifte soos van toepassing op huiswinkels in die Swartland Geïntegreerde Soneringskema regulasies.

5.1.3 ITEM 7.12: VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 301, ABBOTSDALE AAN CENCE AND U-GROW RURAL (12/2/R)

BESLUIT dat die item oorsaak in afwagting op die risiko-analise.

5.1.4 ITEM 7.18: UITSETTING VAN MALMESBURY KLEINBOERE

'n Versoek is ontvang vanaf die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om 'n regsmeening te bekom aangaande die proses vorentoe, met spesifieke verwysing na die aanstelling van 'n mediator.

Beide die regsmenings van Adv Pieter Vivier en die raadsprokureur, mnr Jan Potgieter is met die sakelyst gesirkuleer en beide is dit eens dat die mediasieproses deurloop moet word.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die regsmenings van onderskeidelik Adv Vivier en mnr J Potgieter;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die magtiging dat mnr Retief Olivier hierdie proses mag medieer;
- (c) Dat daar so spoedig moontlik met mnr Olivier ontmoet word om die proses en tydsraamwerke ooreen te kom, welke tydsraamwerk om 'n finale oplossing te kry tot ses maande beperk word (einde Januarie 2016);

5.1.4/...

- (d) Dat daar na gesprekvoering met mnr Olivier so spoedig moontlik 'n aanvang geneem word met die proses;
- (e) Dat daar, sodra ooreengekom word oor die proses en tydsraamwerk, volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om te besluit watter rolspelers van die Munisipaliteit betrokke sal wees by die mediasieproses;
- (f) Dat, weens die voorgenome gebruik van die betrokke area in die toekoms, hetsy vir behuising of die opgradering van die N7 en aanverwante padinfrastruktuur, die eindresultaat van die mediasieproses nie die handhawing van die status quo kan wees nie;
- (g) Dat daar – soos in die verlede besluit – net met rolspelers gedurende die mediasieproses in gesprek getree sal word wat 'n direkte belang by die kleinboere het, ten einde nie die proses te verpolitiseer nie.

6. MAANDVERSLAG T.O.V. MEI 2015**6.1 MUNISIPALE BESTUURDER****BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir Mei 2015.

6.2 KORPORATIEWE DIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Korporatiewe Dienste vir Mei 2015.

6.3 FINANSIËLE DIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Finansies vir Mei 2015.

6.4 SIVIELE INGENEURSDIENSTE**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir Mei 2015;
- (b) Dat, na aanleiding van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste se mededeling dat die beskikbaarheid van water – gemeet teen die totale kapasiteit van waterbronne – op 46% staan, 'n versoek in die plaaslike koerante geplaas word dat water spaarsamig gebruik moet word.

6.5 ELEKTRIESE INGENEURSDIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vir Mei 2015.

6.6 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Besluit/...

6.6/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir Mei 2015.

6.7 BESKERMINGSDIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Beskermingsdienste vir Mei 2015.

6.7.1 VERKEER- & WETSTOEPASSINGSDIENS**BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Verkeer- & Wetstoepassingsdiens onder leiding van die Direkteur: Beskermingsdienste vir Mei 2015;
- (b) Dat die Direkteur: Beskermingsdienste opdrag gegee word om te bepaal of inkomste uit die Moorreesburg Weegbrug apart geboekstaaf kan word.

6.7.2 BRANDWEERDIENSTE**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Brandweerdienste onder leiding van die Direkteur: Beskermingsdienste vir Mei 2015.

7. NUWE SAKE**7.1 JAARLIKSE VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE: 1 JULIE 2014 TOT 30 JUNIE 2015 (8/1/B/2)**

Regulasie 6(2)(a)(i) van die *Municipal Supply Chain Management Regulations* bepaal dat daar jaarliks 'n verslag aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word aangaande die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid.

Die jaarverslag vir die periode 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2015 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die jaarverslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2015.

7.2 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN RATINGS AFRICA (8/1/B/1)

Professionele dienste word benodig om die *Municipal Financial Sustainability Index* (MFSI) van die munisipaliteit te bepaal en verslagdoening daaromtrent te doen.

Ratings Africa is vir hierdie doeleindes aangestel.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure afgewyk word vir die aanstelling van *Ratings Africa* om –

7.2(a)/...

- (i) 'n Verslag ten opsigte van die *Municipal Financial Sustainability Index* (MFSI) op te stel van óf munisipaliteite in die Provinsie, óf van die ingeskrewe munisipaliteite, óf van eweknieë soos geïdentifiseer deur die munisipaliteit tot 'n getal van 20 munisipaliteite;
 - (ii) Die MFSI-verslag op te stel – twee tot drie bladsye ten opsigte van die munisipaliteit – met ingang van 2013/2014 tot 2015/2016 finansiële jare;
 - (iii) MFSI begrotings en kwartaallikse artikel 71 assesserings van die munisipaliteit;
- (b) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure afgewyk word, omrede –
- (i) Ander kwotasies nie verkry kon word nie, aangesien *Ratings Africa* die enigste diensverskaffer is wat hierdie tipe diens in die Weskaap lewer;
- (c) Dat die uitgawe van R27 500,00 betaal sal word vanuit die *Financial Management Grant* (posnommer 114052000951);
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.3 VERVREEMDING VAN ERF 5520, GEDEELTE VAN ERF 1133, MOORREESBURG (12/2/B)

Die Raad het op 27 November 2014 goedkeuring verleen vir die vra van tenders met ontwikkelingsvoorstelle vir die vervreemding van erf 5520, synde 'n gedeelte (groot 5,4480 ha) van erf 1133, Moorreesburg.

Tenders is by wyse van die tweekovertstelsel aangevra, in reaksie waarop twee ontwikkelingsvoorstelle by wyse van Koevert 1 ontvang is, synde dié van Boland Diesel (Pty) Ltd [‘n privaat maatskappy in besit van Afric Oil (Pty) Ltd] en Location Based Media (Pty) Ltd.

Location Based Media (Pty) Ltd het nie die minimum persentasiepunt van 70% tydens die evaluering van die ontwikkelingsvoorstelle behaal nie, en kwalifiseer dus nie om aan rondte 2 deel te neem nie. Boland Diesel het 'n persentasiepunt van 93,3% behaal.

Koevert 2 met die monetêre aanbiedinge is op 3 Julie 2015 in die openbaar geopen, en word 'n bedrag van R520 000,00 (BTW uitgesluit) deur Boland Diesel aangebied.

BESLUIT

- (a) Dat die monetêre aanbod van Boland Diesel (Pty) Ltd ten bedrae van R520 000,00, BTW uitgesluit, vir erf 5520, Moorreesburg goedgekeur word;
- (b) Dat 'n verkooppooreenkoms ooreenkomstig die voorwaardes van tender met die suksesvolle tenderaar gesluit en deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste in samewerking met die raadsprokureur te Moorreesburg en die koper gefinaliseer word;
- (c) Dat kennis geneem word dat, ooreenkomstig die voorwaardes van tender, alle kostes wat met die opstel van voormelde kooppooreenkoms en die registrasie van oordrag in die akteskantoor verband hou, vir die rekening van die koper sal wees.

7.4 BESWAAR TEEN VOORGESTELDE VERVREEMDING OF VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN GEDEELTE 32 VAN PLAAS 560 YZERFONTEIN (12/2/B)

Die Raad het op 'n spesiale raadsvergadering gehou op 24 Junie 2015 kennis geneem van die beswaar ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging en goedkeuring verleen dat die Uitvoerende Burgemeester met volmag beklee word om daarmee te handel, ook ten opsigte van ander besware wat teen die sperdatum van 26 Junie 2015 ontvang mag word.

7.4/...

Geen verdere besware is ontvang nie.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die beswaar van die Yzerfontein Inwonersvereniging teen Kennisgewing 131/2014/15 rakende die voorneme om 'n gedeelte van Gedeelte 32 van Plaas 560 Yzerfontein vir vervreemding/verhuring aan te bied;
- (b) Dat daar volstaan word met die redes vir die besluit om die grond eksklusief aan te bied vir die doel soos geformuleer in die advertensie, synde vir ontwikkeling wat komplementêr is tot die bestaande WACS-kabelinfrastruktuur in die omgewing, vir die redes/motivering soos voorgelê in die konsep skrywe aan die Yzerfontein Inwonersvereniging, aangeheg as Aanhangsel B tot die verslag.

7.5 HOOIKRAAL, MOORREESBURG: GEBRUIK VAN MUNISIPALE GROND VIR AANHOU VAN SKAPE (13/4/3/2) (WYK 1)

'n Aansoek is ontvang vanaf twee persone in Hooikraal, Moorreesburg om skape te mag aanhou op munisipale eiendom. Die gedeelte grond staan bekend as die sg. 'Vryheidserwe' en is nog vakant.

Die skape word reeds etlike jare op die grond met 'informele' toestemming aangehou, maar word versoek dat die gebruik geformaliseer word, na aanleiding van 'n onlangse aansoek van mnr H van Eeden om skap op erf 2264 aan te hou.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word aan mnr Henrico Visser en me Carien Alberts om hul skape op die sg. Vryheidserwe in Hooikraal, Moorreesburg te mag aanhou, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) Die eiendom slegs vir weidingsdoeleindes benut mag word en geen tydelike of permanente strukture daarop aangebring mag word nie;
- (b) Die aansoeker die bestaande omheinings in stand moet hou en toesien dat die skape nie die eiendom kan verlaat nie;
- (c) Die skape nie 'n oorlas mag veroorsaak vir aanliggende bure of inwoners van die area nie;
- (d) Die aansoeker jaarliks teen 1 Februarie (as datum wat ook vir ander gebruikers geld) 'n skriftelike aansoek moet indien om die skape te mag laat wei op die eiendom, by gebreke waartoe die vergunning outomaties sal verval;
- (e) Die Raad die reg voorbehou om die vergunning te eniger tyd te mag terugtrek, onder meer indien daar klagtes van inwoners ontvang word of die erf vir ander doeleindes benodig mag word;
- (f) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om jaarliks te handel met bovermelde skriftelike aansoek, binne die voorwaardes soos gelys in die verslag.

7.6 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY PAINTBALLKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die gedeelte meentgrond bekend as die bloekombos agter Swartland Hoërskool op 'n jaar tot jaar basis aan die Malmesbury Paintballklub.

BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Malmesbury Paintballklub aangegaan word vir die huur van 'n gedeelte meentgrond, bekend as die bloekombos agter Hoërskool Swartland te Malmesbury om vir doeleindes van 'n paintballbaan aangewend te word;
- (b)/...

7.6/...

- (b) Dat 'n huurtermyn van een jaar vasgestel word met ingang van 1 Augustus 2015;
- (c) Dat die huurgeld op R100,00 per jaar plus BTW vasgestel word.

7.7 INLIGTINGSTEGNOLOGIE: GOEDKEURING VAN BELEIDE (6/2/3/1/B)

Die Ouditeur-Generaal het gedurende die 2013/2014 eksterne oudit van die Afdeling: Inligtingstegnologie aangedui dat die munisipaliteit nie oor 'n amptelike *Firewall Baseline Standard* beskik nie.

Alhoewel die munisipaliteit oor 'n *IT Charter* beskik, is 'n nuwe *Municipal Corporate Governance of ICT Policy* vanaf die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontvang met die versoek dat alle munisipaliteite hierdie beleid moet implementeer.

Die *Firewall Baseline Standard*, sowel as die *Municipal Corporate Governance of ICT Policy* is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die voorgestelde *Firewall Baseline Standard* soos aangeheg goedgekeur en aanvaar word vir implementering;
- (b) Dat die bestaande *Corporate Governance Framework (IT Charter)* van Swartland Munisipaliteit vervang word met die nuwe *Municipal Corporate Governance of ICT Policy* soos uitgereik deur die Provinsiale Regering en aanvaar word vir implementering.

7.8 HUMAN SETTLEMENT PLAN (17/4/2/3)

Die firma, CK Rumboll en Vennote is deur die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings aangestel om die Nedersettingsplan van Swartland Munisipaliteit te hersien. Die finale Nedersettingsplan – soos goedgekeur deur die Departement van Menslike Nedersettings – en wat ook die behuisingspyplyn insluit, is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp spreek sy kommer uit insake 'n nuwe beleidsrigting wat bepaal dat slegs persone ouer as 40 jaar kwalifiseer vir 'n topstruktuur in 'n laekoste behuisingsprojek.

Mnr Steenkamp noem dat gesprekke op Maandag, 27 Julie 2015 sal plaasvind om uitklaring hieromtrent te kry – ook of die reël geld indien 'n begunstigde slegs 'n gediensete erf ontvang – in die lig van die nuwe behuisingsprojek te Phola Park wat tans ontwikkel word.

BESLUIT

- (a) Dat die gewysigde Menslike Nedersettingsplan soos voorgelê, aanvaar word;
- (b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die Behuisingspyplyn onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse, geskikte grond en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe;
- (c) Dat daar kennis geneem word van die kommentaar ontvang vanaf die wykskomitees en dat dit in ag geneem sal word met die jaarlikse aanpassing van die Behuisingspyplyn;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die Behuisingspyplyn jaarliks aangepas word in ag genome die DORA-toekenning aan die Raad en ander faktore wat verpligtinge en behoeftes op die Raad mag plaas; \
- (e)/...

7.8/...

- (e) Dat daar kennis geneem word van die Departement van Menslike Nedersettings se versoek om tydens die allokasie van wonings voorkeur te gee aan begunstigdes van 40 jaar en ouer;
- (f) Dat daar na goedkeuring van die Menslike Nedersettingsplan 'n werkwinkel met alle raadslede gehou sal word, waartydens sodanige plan asook die voorgestelde behuising toekenningsbeleid bespreek sal word.

7.9 STIGTING VAN MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL: AANSTELLING VAN LEDE (3/2/4)

Artikel 35 van SPLUMA bepaal dat 'n munisipaliteit 'n Munisipale Beplanningstribunaal moet stig om oor grondgebruik- en ontwikkelingsaansoeke in sy munisipale gebied te beskik.

Daar is reeds besluit dat alle grondgebruik- en ontwikkelingsaansoeke waarop daar besware ontvang is, deur die Munisipale Beplanningstribunaal oorweeg sal word.

SPLUMA bepaal verder dat 'n Munisipale Beplanningstribunaal oor vyf lede moet beskik, en sal dit as volg saamgestel word:

x3 interne lede, nl. die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Korporatiewe Dienste en die Direkteur: Beskermingsdienste; en
x2 eksterne lede met genoegsame kennis en ondervinding in ruimtelike beplanning, grondgebruik- en ontwikkelingsbeplanning.

'n Vergadering van die Aanstellingskomitee het plaasgevind op 9 Julie 2015 (notule aangeheg by die verslag) om die agt aansoeke wat ontvang is te oorweeg.

Alhoewel daar bepaal is dat die twee eksterne lede oor ten minste 10 jaar toepaslike ondervinding moet beskik, is daar deur die aanstellingskomitee besluit om me Waring met agt jaar en ses maande ondervinding aan te stel, spesifiek weens haar blootstelling as Direkteur van Gemeenskapsdienste, later Direkteur van Beplanning en Ontwikkeling en later Munisipale Bestuurder by jaar vorige werkgewer.

BESLUIT

- (a) Dat die nominasies van mnr Chris Rabie en me Lauren Waring as eksterne lede tot die Munisipale Beplanningstribunaal aanvaar word;
- (b) Dat die nominasie van mnr Willie Steyn as secundi aanbeveel word;
- (c) Dat die diensvoorwaardes met die lede onderhandel sal word;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder, die Direkteur: Korporatiewe Dienste en die Direkteur: Beskermingsdienste as voltydse amptenare op die Munisipale Beplanningstribunaal as interne lede sal dien;
- (e) Dat die Munisipale Bestuurder as voorsitter van die Munisipale Beplanningstribunaal aangewys word met die Direkteur: Korporatiewe Dienste as ondervoorsitter;
- (f) Dat, by die eerste aanstelling van lede van die Munisipale Beplanningstribunaal en wanneer die Raad tevrede is dat die tribunaal in posisie is om sy werksaamhede te begin, die Munisipale Bestuurder 'n kennisgewing tot dien effekte in die Provinsiale Koerant sal plaas;
- (g) Dat die nominasies wat onsuksesvol was dienooreenkomstig in kennis gestel word en hul bedank vir hul nominasie.

7.10 AFWYKING: ERF 5206, MALMESBURY (15/4/2-9) (WYK 2)

'n Bouplanaansoek is ontvang namens die eienaar, mnr Afrika Fortuin van erf 5206, geleë te Elevatorstraat, Moorreesburg om goedkeuring te verkry vir die oprigting van 'n motorafdak wat die syboullyn tot op 0m oorskry.

BESLUIT

- A Dat die aansoek om afwyking op erf 5206, Moorreesburg ten einde af te wyk van die 1,5m syboullyn na 0m soos aangedui op die bouplanne gemerk "B1" & "B2" ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word omrede:
- (a) Die plasing van die motorafdak oor die boulyn, word as 'n sinvolle oplossing beskou ten einde onderdak parkering op erf 5206, Moorreesburg te bewerkstellig;
 - (b) Die voorgestelde afdak sal nie 'n negatiewe impak op enige van die omliggende eiendomme hê nie;
 - (c) Die enigste sinvolle ruimte wat toegang tot die straat het;
- B Dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word.

7.11 WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES OP ERF 423, DARLING (15/3/10-3/01) (WYK 5)

Daar is in 2002 'n vergunningsgebruik op erf 423, Darling goedgekeur ten einde 'n wynproe en verkope fasiliteit te bedryf en is die grootte van die fasiliteit beperk tot 39m².

'n Versoek is ontvang om die bestaande toeristefasiliteit en verwante gebruike uit te brei met 'n buitelugarea en onthaalsaal.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die wysiging van goedkeuringsvoorwaarde (a) van die Raadsbesluit gedateer 6 November 2002 rakende 'n vergunningsgebruik op erf 423, Darling, ingevolge artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word om soos volg te lees:

- A Dat die toeristefasiliteit en verwante aktiwiteite beperk word tot 'n area van ±370m² binne die bestaande geboue, sowel as omliggende gronde;
- B Dat die goedkeuring onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat voldoende op-perseel parkering geskep word en duidelik gemerk word;
- (c) dat die onthaalsaal nie as 'n plek van vermaak of plek van samekoms gebruik sal word nie;
- (d) dat die persone (J C & Nina van der Westhuizen, Anne Greenwell & Wendy McIlrae en Savas Couvaras & Madelene Cicatello) wat kommentaar gelewer het van die besluit in kennis gestel word;

B2 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

B3/...

7.11/...

B3 WATER

- (a) dat daar van die bestaande aansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

B4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word.

7.12 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN GEDEELTES VAN ERWE 317, 7455 EN 882, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/6-8) (WYK 7)

Die goedkeuring vir die hersonering en onderverdeling van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury ten einde 'n residensiële ontwikkeling te skep het op 15 Desember 2014 verval en het die grondgebruiksregte teruggeval na landbousone 1.

'n Aansoek is weereens ontvang namens die eienaar (Schoonspruit Country Estate) vir die hersonering van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury vanaf landbousone 1 na onderverdelingsgebied ten einde vir die volgende grondgebruike voorsiening te maak, naamlik:

- 1 sakesone 1 erf – groot ±1,3 ha
- 1 sakesone 1 erf (kantoorpark) – groot ±0,57 ha
- 63 nywerheidsone 2 erwe – groot ±14,5 ha (±1500m² tot 5000m² erwe)
- 2 oopruimtesone 2 erwe – groot ±4,23 ha in totaal
- 3 oopruimtesone 1 erwe – groot ±0,55 ha in totaal
- Vervoersone 2 (paaie) – groot ±3,35 ha.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om detail te bevat aangaande die volgende:

- (a) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste met die aansoeker/ontwikkelaar/ingenieur in gesprek tree rakende die benutting van die twee duikweë wat deur SANRAL aangebring sal word;
- (b) Dat die ontwikkelaar pertinent gewys word op die stormwateraflope vanaf Saamstaan, ten einde dit in die ontwerp te akkommodeer;
- (c) Dat by alle grootmaatsdienste – soos in die geval van elektrisiteit – dit duidelik gestel word dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die werklike koste van die dienste.

7.13 WYSIGING VAN GOEDKEURING VAN DIE VOORGESTELDE ONDERVERDELING, HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING VAN ERWE 5675, 567, 568, 7687, 2596, 541, 5602, 5607 EN RESTANT VAN ERF 3546, MALMESBURY ASOOK SLUITING VAN GEDEELTE VAN ERF 1671, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/6-8, 15/3/4-8, 15/3/10-8) (WYK 8)

'n Versoek is vanaf die ontwerpargitekthe van die Weskus Kollege-ontwikkeling ontvang om die terreinontwikkelingsplan te wysig. Die wysiging behels die weglating van die koshuise, asook die verskuiwing van sekere van die gebruike op die kampus.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om:

- (a) In gesprek te tree met Weskus Kollege aangaande die kleur van die administratiewe gebou op die h/v Voortrekkerweg en Loedolfstraat;
- (b) Duidelikheid te bekom aangaande die serwituut langs die rivier, aangesien dit nie duidelik op die bouplanne aangedui word nie.

7.14 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES RAKENDE DIE HERSONERING VAN ERF 5621, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 8)

Die hersonering van erf 5621 (groot 356m²), geleë op die h/v Dr Euvrard- en Faurestraat, Malmesbury vanaf enkelwoningssone na sakesone is in 2009 goedgekeur op voorwaarde dat die gebou slegs as kantore aangewend mag word.

Die betrokke eiendom is onlangs verkoop en die nuwe eienaar beoog om 'n veeartspraktyk en 'n hondesalon op die perseel te bedryf. Dit impliseer dat die voorwaarde wat die gebruik tot kantore beperk, opgeskort moet word.

BESLUIT

A Dat die aansoek om wysiging van die goedkeuringsvoorwaardes van die Raadsbesluit gedateer 18 Augustus 2009 rakende die hersonering van erf 5621, Malmesbury ingevolge artikel 42(3)(a) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word ten einde soos volg te lees:

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 5621 (groot 356m²), geleë op die h/v Dr Euvrard- en Faurestraat, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf enkelwoningssone na sakesone goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 ALGEMEEN

- (a) Dat alle ander voorwaardes soos opgelê in die goedkeuringsbrief gedateer 1 September 2009 steeds van toepassing is;
- (b) Dat die veeartspraktyk aan die standaard van die SAVC soos vervat in Staatskoerant No. 23027 van 18 Januarie 2002 sal voldoen;
- (c) Dat oornag- en verblyfgeriewe van diere geïsoleerd in die middel van die huis sal plaasvind, die kamer oor geen vensters sal beskik nie en derhalwe klankdig moet wees.

7.15 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 9391, MALMESBURY (15/3/10-8) (WYK 10)

'n Aansoek is ontvang namens die eienaars, N & S J Strauss vir 'n vergunningsgebruik op erf 9391, geleë te Guernseystraat, Malmesbury vir 'n tuisberoep (±14m²) ten einde wiskunde klasse vanuit 'n gedeelte van die woonhuis aan te bied.

Die wiskunde klasse word reeds op die perseel deur die huurder, mev Oosthuizen aan leerders, wat addisionele onderrig benodig, aangebied.

BESLUIT

Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op erf 9391, Malmesbury ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskema-regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tuisberoep (wiskunde klasse), goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die tuisberoep (wiskunde klasse) beperk word tot ±14m² van die woonhuis soos aangedui op die plan gemerk "B";
- (b) dat die wiskunde klasse beperk word tot 'n maksimum van 4 studente per klas;
- (c) dat die bedryfsure van die tuisberoep beperk word tot 07h30 tot 17h30 vanaf Maandag tot Vrydag en vanaf 07h30 tot 13h00 op Saterdag;
- (d) dat die dominante gebruik van die woonhuis vir bewoning deur 'n enkel-gesin moet wees;
- (e) dat geen gedeelte van so 'n woonhuis en geen tuisberoep, gebruik mag word vir die doel van 'n hindernisbedryf, 'n risiko-aktiwiteit of die verkoop van alkoholiese drank nie;

7.15/...

- (f) dat geen goedere wat te koop aangebied word, in die openbaar uitgestal mag word nie en geen eksterne tekens van 'n tuisberoep sigbaar mag wees van die straat nie, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met (g);
- (g) dat geen reklamebord vertoon mag word anders as een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken mag nie 2000cm² in oppervlak oorskry nie en mag slegs die naam, telefoonnommer en profesie of beroep van die bewoner aandui;
- (h) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (i) dat geen produkte, goedere of voorraad wat verband hou met die tuisberoep op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor mag word nie;
- (j) dat nie meer as vier persone in totaal in die tuisberoep-aktiwiteite op die grondeenheid betrokke mag wees nie, insluitend die huisbewoner of -bewoners en enige assistente;
- (k) dat nie meer as een handelsvoertuig met 'n bruto gewig van meer as 10 000kg vir die tuisberoep gebruik mag word nie, met dien verstande dat 'n voertuig wat uitsluitlik deur die bewoner vir persoonlike gebruik aangewend word, nie geag sal word 'n handelsvoertuig te wees nie;
- (l) dat enige nuwe struktuur of veranderinge aan die bestaande woonhuis of buitegeboue, in ooreenstemming met die residensiële karakter van die betrokke gebied moet wees;
- (m) dat voldoende op-perseel parkering voorsien word vir ten minste 3 voertuie soos voorgelê in hierdie aansoek;
- (n) dat die vergunningsgebruik tot die eienaar/bewoner van erf 9391 beperk word en dat sodanige vergunningsgebruik sal verstryk indien die betrokke eienaar/huurder die eiendom ontruim;
- (o) dat 'n bouplanaansoek vir die omskakeling van die gebruik van die betrokke gedeelte van die woonhuis aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande riolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die besigheid sowel as vir die wooneenheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word.

A5 ALGEMEEN

- (a) dat die beswaarmaker van hierdie besluit by wyse van geregistreerde pos in kennis gestel word en dat sy nie 'n reg tot appèl het nie.

7.16 WYSIGING VAN DIE GRONDWET VAN DIE KLEIN GOEDHART ESTATE HUISEIENAARSVERENIGING (15/3/6-11/15) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vanaf die Huseienaarsvereniging van die Klein Goedhart Estate, Riebeek Kasteel om die ontwikkeling se grondwet te wysig.

Die wysiging het ten doel om sekere erwe van die ontwikkeling uit te sluit, en sal slegs bestaan uit erwe 1461, 1462 en 1463.

7.16/...

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysiging van paragraaf 2.1 van die Grondwet van die Klein Goedhart Estate (slegs beskikbaar in Engels), ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word soos volg:

“**Unit Erven**” the residential erven resulting from the subdivision of Erf 1457, Riebeek Kasteel, namely Erven 1461, 1462 and 1463 Riebeek Kasteel.

7.17 WERKSAAMHEDE VAN DIE SWARTLAND DIEREBESKERMINGSVERENIGING (DBV) (17/5/3)

'n Verslag van die Voorsitter van die Swartland DBV, asook die organisasie se geouditeerde finansiële state is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys meld dat daar goeie dienslewering, veral t.o.v. rondloper diere wat 'n groot probleem vir die munisipaliteit is, vanaf die Swartland DBV ontvang word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag, die werksaamhede van die Swartland DBV, asook hul finansiële posisie;
- (b) Dat die volgehoue goeie samewerking tussen die Wetstoepassers en Swartland DBV gehandhaaf word;
- (c) Dat 'n skrywe van dank gerig word aan die Swartland DBV vir die diens wat hulle aan die Swartland bied, en dat die program van Malmesbury vanaf hulle versoek word.

7.18 AFSKRYWING VAN SKULDE – TOTAAL WERKLIK AFGESKRYF (5/7/1/1)

'n Werkwinkel het plaasgevind met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 2 Junie 2015 om die lyste van uitstaande debiteure deur te werk wat nie die finansiële vermoë het om hul diensterekeninge te vereffen nie. Alle stappe wat deur die Kredietbeheerafdeling gedoen is om die skuld in te kry, was onsuksesvol.

BESLUIT

Dat die bedrag van R843 220,90 t.o.v. die afskrywing van skuld – soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 10 Junie 2015 – gewysig word na R856 287,51, synde die bedrag werklik afgeskryf.

7.19 UITSTAANDE DEBITEURE, JUNIE 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Junie 2014.

7.20 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.21 VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 7807, MALMESBURY AAN DIE MALMESBURY GEMEENSKAPSPOLISIËRINGSFORUM (12/2/4-8/5)

Die Malmesbury Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) het aansoek gedoen om 'n gedeelte van erf 7807 (groot ongeveer 180 m²) op die h/v Alfa- en Kiewietstraat in Saamstaan, Wesbank van die Raad te huur.

Die voorneme is om 'n skeepsvrager op die eiendom te vestig wat as 'n 24/7 sentrum/kontakpunt sal dien om misdaad aan te meld.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha meld dat dit belangrik is – met die oog op die RSEP-ontwikkeling op die betrokke erf – om die dienste-aansluitings op 'n strategiese punt op die erf aan te bring ten einde te verseker dat die skeepsvrager sinvol by die RSEP-ontwikkeling inskakel.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms vir 'n periode drie jaar met ingang vanaf 1 Augustus 2015 gesluit word met die Malmesbury Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) ten aansien van 'n gedeelte van erf 7807, Malmesbury, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
 - (i) Huurgeld ten bedrae van R10,00 (BTW uitgesluit) per jaar toepaslik sal wees;
 - (ii) Die skeepsvrager op die eiendom uitsluitlik benut mag word as 'n misdaad-kontakpunt en vir verwante polisie-bedrywighede;
 - (iii) Die huurder vir die betaling van alle dienste wat op die perseel verbruik word, aanspreeklik sal wees;
 - (iv) Die huurder vir die aanbring en behoorlike instandhouding van die skeepsvrager en omheining aanspreeklik sal wees;
 - (v) Gegewe die kontakpunt voltyds beman sal word, die huurder moet toesien dat die aktiwiteite op die perseel nie tot rusverstoring aanleiding mag gee nie;
- (b) Dat die voormelde goedkeuring daaraan onderhewig sal wees dat die GPF die skeepsvrager nie in bedryf mag stel alvorens 'n bouplan ingedien en deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat die Munisipaliteit die kostes sal dra van water-, riool- en elektriese aansluitings op die perseel.

7.22 AANTAL GESPREKKE MET POTENSIËLE BELEGGERS EN BELANGHEBBEDES (2/4/2)

Een van die Kern Prestasie Indikatore (KPI) van die Munisipale Bestuurder is om jaarliks verslag te doen aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangaande die aantal gesprekke met potensiële beleggers en belanghebbendes met die doel om nuwe besighede in die Swartland munisipale gebied te vestig.

Die verslag – soos gesirkuleer tydens die vergadering – bevat 'n opsomming van gesprekke wat sedert Julie 2014 tot Junie 2015 plaasgevind het.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van genoemde gesprekke met potensiële beleggers en belanghebbendes om groei in die Swartland area te bewerkstellig;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die suksesse wat behaal is en die aaneenlopende gesprekke ten opsigte van die langtermyn inisiatiewe ten aansien van ontwikkelings en padinfrastruktuur opgraderings.